

**12 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 21**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 21:1-14**

### **Liefde tot aan die duisendste geslag**

Dit is 'n skokkende stukkie geskiedenis van bloedwraak - nogal weersinwekkend! Op die oog af lyk dit afstootlik om kinders dood te maak vir onreg wat deur ouers gepleeg is. Maar dink 'n bietjie: Reg rondom ons gebeur daar elke dag veel erger dinge as fisiese bloedwraak. In die tweede gebod staan uitdruklik: "Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat" (Eks 20:5). Swak opvoeding wreek hom dikwels op die lewens van kinders met 'n baie erger dood as dié van Merab en Rispa se kinders: die ewige dood!

Die vrymagtige God beskik oor die uiteindelijke lot van ons kinders (Rom 9:11-13). Maar wat jǒú betref: die Here eis van jou dat jy jou kind sal grootmaak "...met tug en vermaning soos die Here wil..." (Ef.6:4). Die gebooie van God moet "...met woord en voorbeeld..." by jou kinders ingeskerp word (Deut 6:6-8). Daarom het jy met die doop van jou kind plegtig belowe om jou kind in die Bybelse leer te onderrig en te laat onderrig. Daarvoor is tyd en voortdurende toewyding nodig!

Is jou opvoeding en voorbeeld van só 'n aard dat jy jou kind op die regte pad lei? (Dan 12:3).

Getroue ouers ontvang 'n heerlike: "...maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam" (Eks 20:6).

*Sing: Skrifberyming 26:3,11      Ds APC Duvenage (Emeritus)*